NETWERK24
www.netwerk24.com

# DIE BURGER

OOS-KAAP
Donderdag
14 Junie 2018
R7,10 (BTW ingesluit)

id asseblief
ir boer van
staal'
bl. 12




Motors:
Nuwe Swift
sprei vlerke



Kim en Trump:
Só sien Fred die
'vriendskap' bl.8

## keerd was

andade, maar net een
s albatros: "… die
el en ideologie van
is nie volhoubaar
daaroor dat dit inhe-
was nie. Niks oor die
vat in die naam daar-
g is nie. Niks oor die
volge daarvan nie.
f mense, kom ons sê
r: "Apartheid was ver-
t." Kom ons sê dit as
oor ons toekoms, as
as ons grappies maak.
wil beter mense as Zu-
En ons wil aanbeweeg.
ie van harte oortuig is
eid verkeerd was nie,
nk van dié albatros ge-
oral waar ons gaan.

## Noem die lughawe na só 'n vrou

**Clifford van Wyk, Oudtshoorn**

Michael le Cordeur gee deurdagte redes vir sy keuse (Krotoa) in die hernoeming van die Kaapstadse Internasionale Lughawe (12.06), "om reg te maak wat in ons verlede verkeerd gegaan het". Dat hernoeming van dié lughawe nou fel gedebatteer word, maak egter geen sin nie, volgens Judith February (12.06).

Die realiteit is egter dat, ten spyte van February se idealistiese siening (behou die huidige naam), voorleggings gevra is vir die naamsverandering. Dus waardeer ek Le Cordeur se nugtere en realistiese benadering as uiters sinvol.

Hy motiveer onder meer die naamsverandering na Krotoa as 'n geleentheid vir die regering om te wys dat hy ernstig is met die stelling dat die land aan almal behoort.

Al wat miskien nog tot Le Cordeur se argumente toegevoeg kan word, is dat te veel lughawens na mans genoem is. Vir Kaapstad sal die naam van 'n vrou, wat ook uiteindelik soos Mandela as banneling tyd op Robbeneiland moes deurbring, soveel toepasliker wees.

## Willowmore stel voorbeeld vir baie

**Charl Theron, Kaapstad**

Ons het die voorreg gehad om verlede week ses dae in die asemrowende Baviaanskloof deur te bring.

Dit is egter nie waaroor hierdie skrywe gaan nie. Ons was genoodsaak om Willowmore toe te ry om brandstof in te neem.

Wat 'n aangename verrassing! Ek neem aan dat meeste mense, soos ons, gewoonlik eenvoudig by Willowmore verbyry aangesien die hoofpad (N9) langs die dorp verbyhou na Graaff-Reinet of Uniondale.

Ons het die laaste paar jare die hele land deurkruis om met 'n hartseer die meeste plattelandse dorpe te sien vergaan. Slaggate in paaie, vullis wat oral rondlê, verlate geboue met stukkende vensters en dakke, of bewoonde geboue wat ernstige aandag nodig het, en 'n algemene gevoel van wanhoop en skaamte is aan die orde van die dag.

Willowmore tref jou dadelik met sy silwerskone en netjiese strate, netjies versorgde geboue en huise, oulike winkeltjies en eetplekke.

Die inwoners is klaarblyklik trots op hul dorp en 'n mens kan dit aanvoel.

Ek het die petroljoggie gelukgewens met sy dorp en sy trotse antwoord was: "Ons werk hard daaraan."

As Willowmore dit kan regkry, hoekom ook nie menige ander dorpe nie.

Draai volgende keer gerus af en gaan geniet die pragtige dorpie, sy mense, winkeltjies, restaurante en gasvryheid. Daar is selfs die oulikste donkiekarretjie waarop jy die dorp kan besigtig.

Willowmore, welgedaan en doen so voort.

## lagtepolisie

## Springbok hou seer in vir miljoene

bay
ITY